# HANGKLIP GEMEENSKAPSORGSENTRUM

**Reg nr 102-000-NPO**

***Kwartaalikse Nuusbrief – nr 2, Januarie 2018***

**Visie**

Die visie wat Hangklip Gemeenskapsorgsentrum (HGSS) vir ons plaaslike gemeenskap koester is dat samehorigheid, onderlige respek en ‘n kultuur van omgee vir mekaar so ingeboesem word dat niemand, veral behoeftiges, siekes en bejaardes, honger sal ly nie, of eensaam of afgeskeep hoef te voel nie. Ten einde hierdie visie op ’n praktiese wyse te laat realiseer, het HGSS onderneem om:

- *Finansiele steun vir dienslewering vanaf die regering en sakesektor en vanuit die gemeenskap te mobiliseer*
- *Voedsame en smaaklike etes te voorsien volgens 'n prysstruktuur wat vir elke gemeenskapslid bekostigbaar is*
- *Gratis kospakkies aan behoeftiges te verskaf*
- *‘n Tuisversorsingsdiens vir bejaardes en siekes te bevorder en te koördineer*
- *Verskaffing van basiese gesondheids- (kliniek-)dienste te fasiliteer*
- *Geleenthede vir groeps-aktiwiteite en sosiale interaksie te bevorder.*

Terwyl HGSS ‘n ten volle onafhanklike, geregistreerde nie-winsgewende organisasie is, is ons bevoorreg om gratis gebruik te maak van kombuis-, eetsaal- en kantoorfasiliteite by die Lakeside Chapel. Derhalwe werk ons vanaf hul perseel, geleë op die h/v Wheeler- en Whitestraat, Bettysbaai.

**Lidmaatskap**

Lidmaatskap is oop vir alle inwoners van die Hangklip-gebied, naamlik Bettysbaai (insluitend Mooiuitsig), Pringlebaai en Rooiels, teen betaling van jaarlikse ledegelde. Die fooi is tans R60, maar word na R30 verminder vir individue wie se maandelikse huishoudelike inkomste nie R2 000 oorskry nie. Ons het tans 118 lede, maar sal graag wil sien dat hierdie getal aansienlik uitgebrei word, aangesien heelwat begunstigdes van ons dienste nog nie lede is nie. As u kan identifiseer met die visie soos hierbo vermeld, oorweeg dit asseblief om aan te sluit. U lidmaatskapsfooi gee u nie alleen die reg om maaltye teen gesubsidieerde tariewe te geniet nie, maar – van groter belang – dra dit by tot die voorsiening van bekostigbare dienste aan behoeftige lede van ons gemeenskap (*Vir lidmaatskapnavrae, kontak Patricia Ackerberg by 082 378 1641*).

**Etes**

Tans is ons vernaamste (en vinnig-groeiende) diens die voorsiening van gesubsidieerde maaltye op Maandae, Woensdae en Vrydae. Heerlike, voedsame etes kan in HGSS se eetkamer geniet word, of dit kan weggeneem, of selfs afgelewer word aan diegene wie nie in staat is om dit te kom haal nie. Afhangende van huishoudelike inkomste, wissel die prys per ete van R10 tot R35 vir 'n lid, terwyl 'n nie-lid R45 betaal. Teen die einde van Desember (9 maande binne die finansiele jaar 2017/18) was 3 137 etes reeds voorsien (64.2% hiervan teen ‘n koste van R15 of minder per ete). Dit is byna gelyk aan die getal etes (3 167) wat in die hele jaar 2016/17 voorsien is en verteenwoordig ‘n toename van 37% in aanvraag vir etes binne dieselfde 9-maande periode van 2016/17. Die feit dat hierdie toename baie meer (byna sewevoudig) in die hoër gesubsideerde prysklasse was as in die laagste gesubsideerde klasse is ‘n sterk aanduiding van toenemende behoeftes binne ons gemeenskap.

Woensdagmiddag se aansit-etes het 'n gewilde sosiale geleentheid geword. Tot 30 mense kom dan bymekaar en vir ongeveer ‘n uur-lank, geniet hul mekaar se geselskap en 'n twee-gang maaltyd. Die moontliheid bestaan om sulke aansit-groepe uit te brei na Maandae en Vrydae, waartydens die voorkeur tans vir wegneem-etes is.

**Kliniekdienste**

Die kliniek word steeds een oggend elke 8 weke bedryf, waartydens chroniese medikasie uitgedeel word en basiese mediese toetse deur gekwalifiseerde verpleegsusters uitgevoer word. ‘n Gemiddelde van 94 pasiënte woon kliniekdae by, alhoewel die aantal wat gelys is as gebruikers van kliniekdienste aansienlik hoër is. Tee, koffie en verversings word vir pasiënte wat wag besikbaar gestel; dit bevorder sosiale interaksie en maak kliniekbesoeke aansienlik aangenamer. Daarbenewens is 'n wye verskeidenheid verpleeghulpmiddels op ‘n tydelike leenbasis beskikbaar.

**Kospakkies vir behoeftiges**
Die kospakkie-diens is bedoel vir huishoudings wat sukkel om aan hul voedingsbehoeftes te voldoen. 'n Aantal nuwe aansoeke vir kospakkies is onlangs oorweeg en goedgekeur, wat die getal wat versprei word tot 30 laat styg het. Huidige begunstigdes is hoofsaaklik bejaarde en gestremde pensioenarisse in die Moouitsig- en Bettysbaai-omgewing.

**Tuisversorging**
Met die aanmoediging en ondersteuning van 'n forum van kerkleiers en ander belanghebbende partye uit ons gemeenskap, het HGSS middel-2017 'n inisiatief geloods om 'n model vir 'n lewensvatbare, volhoubare tuisversorgingsdiens vir bejaardes en siekes in ons gemeenskap te ondersoek. Dit het voortgespruit uit gedeelde bekommernis oor die toenemende aantal bejaarde inwoners wie ten spyte van verminderde kapasiteit om vir hulself te sorg, in hul eie huise aanbly, hetsy uit voorkeur of omdat geskikte alternatiewe nie bekostigbaar is nie. Die sukses van die beoogde tuisversorgingsdiens sou afhanklik wees van die beskikbaarheid van 'n groep goed opgeleide versorgers – beide geakkrediteerde professionele persone en 'n ondersteunende groep vrywilligers – oor wie toesig deeglik uitgeoefen word. Derhalwe was dit vir HGSS nodig om ondersoek te doen na die beskikbare hulpbronne en opleidingsmoontlikhede. Baie bevredigend is die feit dat daar reeds in ons gebied hoogsbekwame professionele tuisvesorgings-diensleweraars bestaan wat gewillig is om met HGSS saam te werk. Daarbenewens het die Overstrand Hospice in Hermanus in beginsel onderneem om HGSS by te staan met die bevrediging van opleidings- en toesigbehoeftes. Tydens 'n spesiale forumvergadering wat op 17 Oktober 2017 gehou is en waarby verteenoordigers van die Hangklipgemeenskap, Overstrand Hospice en professionele diensleweraars almal teenwoordig was, is vordering in öenskou geneem. 'n Belangrike uitkoms van die vergadering was die samestelling van 'n loodskomitee om leiding te verskaf aan die verdere ontwikkeling van die projek.

In die toekoms sal HGSS heelwaarskynlik 'n koördinerende en fasiliterende rol vervul waardeur diegenene wat dit sou kon bekostig, na geakkrediteerde professionele tuisversorsingsdienste verwys word terwyl, vir diegene waarvoor dit minder bekostigbaar is, gesubsideerde dienste gereël word. Laasgenoemde uitweg hou egter verskeie uitdagings in: modelle sal ontwikkel moet word om bekostigbaarheid en gepaardgaande prysstrukture te bepaal; en tuisvesorgings-behoeftes binne die gemeenskap sal vasgestel moet word om gesond te kan begroot en spesifieke doelwitte vir fondsinsameling daar te stel.

Ons verwelkom hulp van enige gemeenskapslid wat ons graag wil bystaan met die aanspreek van enige van hierdie uitdagings, vanaf behoeftebelalings tot fondsinsameling. *Om hulp aan te bied, skakel gerus vir Joy Rourke (028 272 9914; joyrourke@gmail.com) wie die inisiatief lei, of anders vir Adrian de Kock (082 940 4619; adrian25@telkomsa.net) of George Green (083 283 4454; green@sonicmail.co.za).*

**Kultuur en ontspanning**
HGSS ondersteun graag kulturele en ontspanningsgeleenthede wat bydra tot die welstand van Hangklipgemeenskaps-lede. Die beste voorbeeld van 'n suksesvolle aktiwiteit is huidiglik die Pilates oefeningklasse (tans vol) wat deur vrywillige instrukteurs tweekeer per week aangebied word vir tot 22 mense, wat in die proses goeie vriende geword het. Ons verwelkom idees oor ander groepaktiwiteite (met voorstelle vir vrywillige leiers), veral dié wat 'n soortgelyke onderlinge kameraadskap sal bevorder.

**Inkomste**
Die bronne van ons inkomste (ongeveer R297 700 in 2016/17) is ledegelde en donasies van kerke, plaaslike besighede en individue, asook fondsinsamelingsaktiwiteite, die verkoop van etes en staatsubsidies. Die grootste enkele bydrae is tans uit hoofde van ons deelname aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Ouer Persone Program. Hierdie befondsing word oor 'n 3-jaar siklus toegeken. Tans wag ons op die uitslag van ons aansoek vir hernuwing van die toekenning nadat die huidge siklus in Maart 2018 ten einde loop.

**Menslike hulpbronne**
As dit nie vir ons groep vrywilligers was nie, sou HGSS, met slegs twee werknemers (ons Bestuurder, Patricia Ackerberg en haar assistente, Edith Smith) en beperkte inkomste, nie daartoe instaat gewees het om die vlak van dienste soos beskryf aan die Hangklipgemeenskap te lewer nie. Insluitend lede van HGSS se bestuurskomitee (wat ook vrywillig dien), het ons tans 37 vrywilligers wat betrokke is by 'n reeks van verskeie dienste, hoewél die meeste (naamlik 22) kombuisvrywilligers (kokke) is. Die geleidelike toename in die getal vrywilligers is verblydend; nie alleen stel dit ons in staat om dienste uit te brei nie, maar dit dien ook as aanduiding van die toenemende mate waartoe die gemeenskap eienaarskap van die sentrum neem. *As u belangstel om by die groep van vrywilligers aan te sluit, kontak asseblief vir Patricia Ackerberg (082 378 1641 of hangklipccc@sonicmail.co.za).*

**Ten slotte ...**
Help asseblief om te verseker dat hierdie nuusbrief onder die aandag van soveel moontlik Hangklip inwoners gebring word. Ons glo dat dit in die beste belang van almal is om ten minste bewus te wees van Hangklip Gemeenskapsorg-sentrum en hoe dit poog om ons gemeenskap te dien.